# HOOFSTUK XI.

## DIE TALE.

### 1. Leeshoekies.

Vrae B.4 en B.5. In vraag B.4 is die leerkragte gevra of hulle van leeshoekies gebruik maak. In vraag B.5 is diegene wat by B.4 Ja geantwoord het, gevra watter leermiddels en aktiwiteite hulle in die leeshoekies gebruik.

TABEL 67.

MAAK U GEBRUIK VAN LEESHOEKIES?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Ja | 223 | 86.8 |
| Nee | 34 | 13.2 |
| TOTAAL | 257 | 100% |

TABEL 68.

LEERMIDDELS EN AKTIWITEITE WAT IN LEESHOEKIES GEBRUIK WORD.

| Leermiddels en aktiwiteite | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| (1) Prenteboeke | 213 | 93.0 |
| (2) Prentekaarte | 134 | 58.5 |
| (3) Leermiddels vir lees-aktiwiteite | 142 | 62.0 |
| (4) Tydskriffies | 179 | 78.2 |
| (5) Aanvullende leesboekies | 185 | 80.8 |
| (6) Gegradeerde leesboekies | 112 | 48.9 |
| (7) Legkaarte | 139 | 60.7 |
| (8) Eenvoudige Omgewings-leer-boekies | 69 | 30.1 |
| Totale aantal respondente waarop persentasies bereken is | 229 | |

Tabel 67 toon aan dat verreweg die meeste, naamlik 86.8%, van die 257 respondente van leeshoekies gebruik maak; en vyf leerkragte het bygeskrywe dat, hoewel hulle weens die beknoptheid van hul klaskamers nie leeshoekies het nie, hul leerlinge tog tydskriffies en aanvullende leesboekies kry om te lees. Wat ook vermeldenswaardig is, is die

feit dat nie minder nie as 97% van die respondente wat in voorbereidingskole werksaam is, van leeshoekies gebruik maak.

Oor die belangrikheid en waarde van 'n leeshoekie kan daar geen twyfel bestaan nie; trouens, hierdie hoekie is „die grootste aansporing tot belangstelling in boeke."[1] Harris verklaar dat daar in elke klaskamer 'n leeshoekie behoort te wees[2] en die vernaamste vereiste wat Mellor vir 'n leeshoekie stel, is dat dit aantreklik moet wees:

> Over-crowded shelves are not inviting and lead to careless use. The "book corner" is the most intimate and comfortable arrangement ..... The corner must look inviting and colourful. It is as important to challenge children to find pleasure in books because they are clean, well selected and well arranged, as it is to see that paint brushes are well cared for, paint properly mixed and clay pliable .....[3]

Al die leermiddels en aktiwiteite wat by (1) tot (8) in tabel 68 aangegee word, is in die betrokke vraag in die vraelys gesuggereer. Soos uit tabel 68 blyk, word nagenoeg al hierdie middels deur 'n hoë of betreklik hoë persentasie van die 229 respondente gebruik; slegs Omgewingsleer-boekies, en in 'n mindere mate gegradeerde leesboekies, skyn nie gewilde leermiddels in Noord-Kaaplandse skole te wees nie. Benewens die agt gesuggereerde aktiwiteite en leermiddels is die volgende ook deur leerkragte genoem: plakboeke (9 respondente); individuele boekies met eie tekeninge en byskrifte (7); boekies saamgestel uit tydskrifte (6).

Mej. J. Froehlich wat, net soos Harris,[4] 'n leeshoekie noodsaaklik ag vir elke klaskamer, verklaar dat die leeshoekie altyd vir die leerlinge toeganklik moet wees, dat die onderwyser(es) dikwels die leerlinge se aandag op die leermiddels moet vestig en dat die onderwyser(es) die boeke

---

1) Vgl. Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg. Lesings oor die kindertuinmetodiek. Lesingreeks nr. 3, p. 25.

2) Harris, A.J. How to increase reading ability, p. 485.

3) Mellor, Edna. Education through experience in the infant school years, p. 181.

4) Vide supra.

in die leeshoekie moet gradeer, ten einde sowel die skrander as die swakker leerlinge in staat te stel om voordeel daaruit te trek. Froehlich doen voorts die interessante wenk aan die hand dat die onderwyser(es) soms 'n verhaal vir die klas moet begin lees en dan die boek op die leeshoekie-tafel moet neersit met die uitdaging aan die leerlinge om self die verdere verloop van die verhaal vas te stel deur die betrokke boek in die leeshoekie te lees.[5)]

2. <u>Aanvullende leeswerk.</u>

<u>Vraag B. 6.</u> Maak u van 'n ander leesreeks gebruik vir aanvullende leeswerk in subst. B en st. I?

TABEL 69.

ANDER LEESREEKSE VIR AANVULLENDE LEESWERK IN SUBST. B EN ST. I.

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Gereeld | 162 | 64.8 |
| Selde | 59 | 23.6 |
| Nooit | 29 | 11.6 |
| TOTAAL | 250 | 100% |

Soos uit tabel 69 blyk, is daar maar 'n klein persentasie, naamlik 11.6, van die 250 respondente wat nooit van 'n ander leesreeks vir aanvullende leeswerk gebruik maak nie. Indien die woorde „'n ander leesreeks" weggelaat word, sal die persentasie nog baie kleiner wees, want verskeie respondente het bygeskrywe dat, hoewel hulle nie van 'n ander leesreeks gebruik maak nie, hulle wel aanvullende leeswerk doen. Die antwoorde op 'n vraagbrief wat in 1960 deur die Wellingtonse Opleidingskollege aan 'n verteenwoordigende aantal Kaaplandse skole gestuur is,[6)] het ook aangetoon dat, terwyl 42% van die skole nie van aanvullende

5) Froehlich, J. The teaching of reading and oral work in primary schools. <u>Education</u>, 74 : 290 - 1, Sept. 1964.

6) In hoofstuk X van hierdie proefskrif is ook na dié vraagbrief verwys. Sien p. 215.

leesreekse vir programmatiese leesonderrig gebruik maak nie, daar in slegs 6% van die skole geen aanvullende leeswerk gedoen word nie.[7)]

In 'n oorsig oor die kindertuinwerk wat gedurende die jare 1906 - 1919 gedoen is, het mej. E.M. Swain, een van die destydse kindertuininstruktrises, in 1919 geskrywe dat teen 1913 al „no kindergarten was considered properly conducted without supplementary readers."[8)] Dit is beslis vandag nog die beskouing van opvoedkundiges en betreklik onlangs het die kindertuinstudiegroep van die Tygerberg die volgende as 'n goeie wenk aanbeveel: Indien daar kinders is wat nie die gewenste vordering met betrekking tot lees maak nie, moet die aanvangsleesboek van 'n ander leesreeks in gebruik geneem word om die kinders weer van voor af te laat lees, sodat selfvertroue van nuuts af opgebou kan word. Sodra die gewenste standaard bereik is, kan die onderwyseres besluit of hulle dadelik na hul oorspronklike klasleesboek moet teruggaan en of hulle eers die nuwe leesboek moet deurlees.[9)]

Dat die Kaaplandse Onderwysdepartement baie waarde aan aanvullende leesboeke heg, blyk onder andere uit die feit dat, indien 'n skool sodanige boeke bestel, die Departement sés eksemplare van een boek op 'n keer gratis verskaf.[10)]

3. Stillees.

Vraag B. 7. In vraag B.7(a) is die leerkragte gevra of st. I-leerlinge gereeld die geleentheid behoort te kry om stillees te beoefen. In vraag B.7(b) is diegene wat by B.7(a) Ja geantwoord het, gevra hoeveel uur per week (naastenby) daar in st. I aan stillees bestee behoort te word.

---

7) Van der Merwe, A.J. Leeswerk in die laer skole van Kaapland. Die Unie, 57 : 528, Apr. 1961.

8) S.G.O.-verslag, 1919, p. 46.

9) Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg, op. cit., p. 40.

10) La Grange, S. Vlugtige oorsig van werk in die kindertuin. (In Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg. Kleinkinderonderwys. Lesingreeks nr. 4, p. 5.)

## TABEL 70.

## BEHOORT ST. I GEREELD DIE GELEENTHEID TE KRY OM STILLEES TE BEOEFEN?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Ja | 207 | 98.6 |
| Nee | 3 | 1.4 |
| TOTAAL | 210 | 100% |

## TABEL 71.

## HOEVEEL UUR PER WEEK BEHOORT DAAR IN ST. I AAN STILLEES BESTEE TE WORD?

| Tyd bestee | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Minder as ½ uur | 0 | 0 |
| ½ - 1 uur | 128 | 72.7 |
| Tussen 1 en 2 uur | 31 | 17.6 |
| 2 uur en meer | 17 | 9.7 |
| TOTAAL | 176 | 100% |

Tabel 70 toon aan dat feitlik al die respondente van mening is dat st. I-leerlinge gereeld die geleentheid behoort te kry om stillees te beoefen. Dit is geensins verbasend nie, want oor die belangrikheid van stillees bestaan daar geen verskil van mening by opvoedkundiges nie, en teen die tyd dat 'n kind in st. I kom, kan hy stillees al met vrug beoefen. Volgens Van der Walt moet 'n kind, sodra hy „ vinniger kan lees as wat hy die woorde kan artikuleer," baie selde hardop lees[11] en Dolch stel dit soos volg: „Anyone becomes a silent reader just as soon as the mental process of comprehension goes too fast for the pronouncing

11) Van der Walt, N. Moedertaal (Afrikaans). (In Coetzee, J. Chr., red. Beginsels en metodes van die laer onderwys, p. 102.)

to keep up with it."[12] In die leerplan van die Kaaplandse Onderwysdepartement word die belangrikheid van stillees ook beklemtoon en word dit 'n „addisionele vaardigheid" genoem wat die kind moet aanleer sodra hy die grondbegrippe van luidlees baasgeraak het. Voorts word die leerkragte aangespoor om in die klaskamers allerlei geleenthede vir stillees te skep en baie geriewe daarvoor beskikbaar te stel.[13]

Die departementele leerplan bevat geen opdrag of aanbeveling betreffende die tyd wat weekliks in st. I aan stillees bestee moet word nie. Soos uit tabel 71 blyk, is byna drie-kwart van die respondente van mening dat 'n halfuur tot 'n uur per week in st. I aan stillees bestee behoort te word. Die meeste opvoedkundiges sal stellig hiermee akkoord gaan; minder as 'n halfuur sou te min wees en aan die ander kant sal 'n onderwyseres wat aan alle aspekte van haar werk reg wil laat geskied, huiwerig wees om meer as 'n uur per week vir stillees af te staan.

4. Dramatisering.

Vraag B. 9. Maak u by mondelinge stel van dramatisering gebruik?

TABEL 72.

DRAMATISERING BY MONDELINGE STEL.

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Gereeld/ Dikwels | 222 | 73.3 |
| Selde | 76 | 25.1 |
| Nooit | 5 | 1.6 |
| TOTAAL | 303 | 100% |

Blykens die gegewens in tabel 72 is daar haas geen kindertuinonderwyseresse wat nooit van dramatisering gebruik maak nie, terwyl byna drie-kwart van die respondente dit

12) Dolch, E.W. The psychology and teaching of reading, p. 163.

13) Departement van Onderwys, Kaap die Goeie Hoop. Die tale in die laerskool. Leerplanne en wenke by die onderwys, p. 77.

gereeld of dikwels doen. By die afsonderlike groepe onderwysers(-esse) wat vraag B. 9 beantwoord het, is die persentasies nagenoeg dieselfde soos vir al die respondente saam (tabel 72), behalwe in die geval van eenmanskole, waar slegs 50% van die leerkragte gereeld of dikwels van dramatisering gebruik maak, 40.9% selde en 9.1% nooit.

Die waarde van dramatisering word algemeen erken. Gull verklaar dat wanneer kinders 'n verhaal geniet het, hulle graag daaraan wil deelneem;[14)] volgens Dolch is die groot waarde van dramatisering daarin geleë dat dit belangstelling gaande hou;[15)] Yoakam verklaar dat leerlinge groter begrip toon van wat gedramatiseer is;[16)] en Venter noem onder meer die volgende voordele:

> Deur dramatisering word daar 'n helderder, suiwerder en blywender persepsie by die kind gevorm ..... Deur dramatisering word 'n beeld duideliker voorgestel as waartoe die verbeelding van die kind alleen in staat is ..... Dramatisering is ook 'n memoriseermetode, waar die assosiasie van woord en aksie 'n duideliker beeld en 'n blywender indruk laat .....[17)]

5. <u>Die eerste taal.</u>

(a) <u>Mondelinge stel.</u>

<u>Vraag B. 8.</u> Die leerkragte is gevra hoeveel uur per week daar in subst. A, subst. B en st. I aan mondelinge stel in die eerste taal bestee behoort te word.

<u>TABEL 73.</u>

<u>MONDELINGE STEL IN DIE EERSTE TAAL: TYD PER WEEK DAARAAN BESTEE.</u>

| | Subst. A | | Subst. B | | St. I. | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal leerkragte | % | Aantal leerkragte | % | Aantal leerkragte | % |
| Minder as 1 uur | 28 | 16.1 | 11 | 6.7 | 13 | 8.1 |
| 1 - 2 uur | 100 | 57.5 | 115 | 70.1 | 106 | 66.3 |
| Meer as 2 uur | 46 | 26.4 | 38 | 23.2 | 41 | 25.6 |
| TOTAAL | 174 | 100% | 164 | 100% | 160 | 100% |

14) Gull, Hilda K.F. From two to seven plus, p. 113.
15) Dolch, E.W., op. cit., p. 12.
16) Yoakam, G.A. Basal reading instruction, p. 86.
17) Venter, E.A. Die metodiek van Afrikaans, p. 87.

Ofskoon die persentasies effens verskil, toon tabel 73 aan dat die oorgrote meerderheid van die respondente van mening is dat daar in al drie die klasse, subst. A en subst. B en st. I, van 1 - 2 uur per week aan mondelinge stel in die eerste taal bestee behoort te word. Voorts blyk uit tabel 73 dat ongeveer 'n kwart van die respondente meen dat daar in al drie die standerds meer as 2 uur per week vir mondelinge werk in die eerste taal afgestaan behoort te word. Volledigheidshalwe moet bygevoeg word dat feitlik geen respondente ten gunste daarvan is dat in enigeen van die substanderds of st. I meer as 3 uur per week aan mondelinge stel in die eerste taal bestee moet word nie.

Die Onderwysdepartement skryf nie voor en doen ook nie aan die hand hoeveel tyd per week aan mondelinge stel in die eerste taal bestee behoort te word nie, maar die belangrikheid daarvan word beklemtoon. In die leerplan word daarop gewys dat die leerlinge aangemoedig moet word om so vry en spontaan as moontlik te praat; hulle moet selfvertroue en vrymoedigheid om te praat aankweek en ontwikkel.[18] Die kindertuinstudiegroep van die Tygerberg heg baie waarde aan die storie by mondelinge werk en beveel aan dat daar dáágliks 'n storie in die eerste taal vertel moet word.[19] Of daar daagliks 'n storie vertel word of nie, daar moet tog elke dag mondelinge werk gedoen word. Gewoonlik word minstens 15 - 20 minute per dag hiervoor afgestaan, en die totaal van 75 - 100 minute per week is in ooreenstemming met die sienswyse van die meerderheid van die respondente, soos in tabel 73 weerspieël.

(b) Skriftelike stel.

Vraag B. 10. Wanneer behoort daar met formele onderrig in skriftelike stel (in die leerlinge se eerste taal) begin te word?

---

18) Vgl. Die tale in die laerskool. Leerplanne en wenke by die onderwys, p. 1 - 2, en p. 4.

19) Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg, op. cit., p. 23.

TABEL 74.

FORMELE ONDERRIG IN SKRIFTELIKE STEL (EERSTE TAAL).

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Die eerste ses maande in subst. B. | 88 | 35.6 |
| Die laaste ses maande in subst. B. | 131 | 53.1 |
| Die eerste ses maande in st. I. | 28 | 11.3 |
| TOTAAL | 247 | 100% |

Soos uit tabel 74 blyk, is daar heelwat verskil van mening oor die beste tyd om met formele onderrig in skriftelike stel (in die leerlinge se eerste taal) te begin. Wat egter duidelik is, is dat verreweg die meeste, naamlik 88.7% (35.6 + 53.1), van die respondente ten gunste daarvan is dat daar in subst. B al met skriftelike stel begin moet word. Dit is in ooreenstemming met die standpunt van die Onderwysdepartement, wat aanbeveel dat daar in die oorgangstadium (d.w.s. subst. B) met skriftelike stel begin word, maar byvoeg dat „die flink leerling" vroeër in die jaar kan begin as sommige ander leerlinge.[20]

(c) Skriftelike taalwerk.

Vraag B. 11. Wanneer behoort daar met skriftelike taalwerk (in die leerlinge se eerste taal) begin te word?

TABEL 75.

SKRIFTELIKE TAALWERK (EERSTE TAAL).

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Die laaste ses maande in subst. B | 123 | 50.8 |
| Die eerste ses maande in st. I | 115 | 47.5 |
| Die laaste ses maande in st. I | 4 | 1.7 |
| TOTAAL | 242 | 100% |

20) Die tale in die laerskool. Leerplanne en wenke by die onderwys, p. 48.

Tabel 75 toon aan dat die aantal respondente wat van mening is dat daar gedurende die laaste ses maande in subst. B met skriftelike taalwerk in die leerlinge se eerste taal begin behoort te word, feitlik net soveel is as dié wat meen dat daar gedurende die eerste ses maande in st. I daarmee begin behoort te word. Waaroor daar egter nie twyfel bestaan nie, is dat omtrent geen leerkragte ten gunste daarvan is dat skriftelike taalwerk tot die laaste ses maande in st. I uitgestel moet word nie.

Een respondent wat aan die personeel van 'n groot laerskool verbonde is, het bygeskrywe: „Kindertuininspektrises wil nie hê dat daar gou met skriftelike taalwerk begin word nie, maar dit is omdat hulle net aan die werk tot by st. I dink. Die onderwysers in hierdie skool is dit eens dat baie van die taalfoute wat nog dikwels in die hoër primêre klasse voorkom, kon vermy gewees het as daar vroeg in subst. B al met skriftelike taalwerk in die kinders se moedertaal begin was." Dit is onmoontlik om te sê in hoeverre hierdie bewering die sienswyse van laerskoolonderwysers(-esse) in die algemeen vertolk, maar dit is insiggewend dat, terwyl slegs 37% van die respondente in voorbereidingskole van mening is dat daar gedurende die laaste ses maande in subst. B al met skriftelike taalwerk begin behoort te word, nie minder nie as 56.9% van die respondente in laerskole hierdie mening toegedaan is.

6. <u>Die tweede taal</u>:

(a) <u>Lees</u>.

<u>Vraag B. 12</u>. Wanneer behoort daar met lees in die tweede taal begin te word?

<u>TABEL 76.</u>

<u>WANNEER MOET DAAR MET LEES IN DIE TWEEDE TAAL BEGIN WORD?</u>

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Die 2de kwartaal in subst. B | 28 | 11.1 |
| Die 3de kwartaal in subst. B | 57 | 22.5 |
| Die 4de kwartaal in subst. B | 107 | 42.3 |
| Die 1ste kwartaal in st. I | 23 | 9.1 |
| Sodra die leerlinge in hul eerste taal redelik vlot kan lees | 38 | 15.0 |
| TOTAAL | 253 | 100% |

In haar verslag oor die jare 1927 - 28 het mej. C. Drake, een van die destydse kindertuininstruktrises, geskrywe:

> Considering the weakness of language amongst our children, it seems advisable to confine the teaching of the second language in the Sub-standards solely to oral work, and to delay the teaching of reading in the second language till Standard I.[21)]

Ongeveer dieselfde tyd is in die Verslag van die Adviserende Komitee insake Onderwys (1927) aanbeveel dat met leesonderwys nie 'n aanvang gemaak moet word „voordat die leerlinge 'n redelike woordeskat in die tweede taal besit en voordat hulle hul eerste taal taamlik vlot kan lees nie." Volgens die aanbeveling van dié komitee behoort leerlinge nie die tweede taal vroeër as standerd I of standerd II te leer lees nie.[22)] Keyter verklaar ook dat die leesboekie in die tweede taal nie ingevoer moet word voordat die kind in sy moedertaal redelik goed kan lees en skryf nie. „As hy hierdie stadium in die moedertaal bereik het, sal hy ook 'n groot genoeg woordeskat in die tweede taal erlang het om met lees in die tweede taal te begin. Hierdie vaardigheid in die moedertaal word eers in die derde jaar op skool bereik ....."[23)]

Uit die gegewens in tabel 76 blyk dat, terwyl verreweg die meeste respondente van mening is dat daar in die vierde kwartaal in subst. B met lees in die tweede taal begin behoort te word, tussen 9.1% en 22.5% van die respondente ook ten gunste van elk van die ander vier gesuggereerde antwoorde in vraag B. 12 is. Dit is nie verbasend nie, want inspekteurs van skole, kindertuininspektrises, skoolhoofde en kindertuinonderwyseresse het nog lank nie eenstemmigheid bereik oor die beste tyd om met lees in die tweede taal te begin nie. Die Onderwys-

---

21) S.G.O.-verslag, 1927 - 28, p. 179.

22) Verslag van die adviserende komitee insake onderwys. (In Die Onderwysgaset, 26 : 648, 15 Sept. 1927.)

23) Keyter, J. de W. Wanneer moet die tweede taal op skool geleer word? Die Huisgenoot, 14 Febr. 1941, p. 65.

departement beveel aan dat 'n kind 'n woordeskat van ongeveer 200 woorde in sy tweede taal moet hê voordat hy begin lees. Lees kan dus teen die einde van die oorgangstadium, d.w.s. teen die einde van subst. B, ingevoer word, maar formele leesboeke behoort in standerd I eers ingevoer te word.[24)]

Mej. A. Scholtz en mev. H. Nel, albei kindertuin-inspektrises, noem die volgende „gevare van te vroeg met leeswerk in die tweede taal te begin":

1. Verwarring kan ontstaan; die kind is nog besig om leesvaardigheid in die eerste taal te verwerf.
2. Dit belemmer die vordering met die eerste taal.
3. Die kinders lees die tweede taal sonder begrip - dit is slegs woordherkenning.
4. Spelling in albei tale ly daaronder.[25)]

Op die vraag wanneer daar met aanvangsleeswerk in die tweede taal begin moet word, is mej. Scholtz en mev. Nel se antwoord: Wanneer die kind eers sy eerste taal met gemak kan lees en wanneer hy 'n mondelinge woordeskat van ongeveer 200 woorde het. Hierdie woordeskat word teen die einde van subst. B verwag, en mej. Scholtz en mev. Nel konkludeer: „Ons kán dus gedurende die laaste kwartaal van subst. B begin, mits die kind se woordeskat voldoende is; so nie, in st. I."[26)]

Die verskillende menings wat in die voorgaande paragrawe aangehaal is, is interessant, maar ons het geen rede om aan te neem dat enigeen van dié beskouings op die resultaat van 'n proefneming berus nie. As daar een aspek van kleinkinderonderwys in Kaapland is waar die behoefte aan die resultate van een of meer gekontroleerde proefnemings gevoel word, dan is dit stellig ten opsigte van die beste tyd wanneer daar met lees in die tweede taal begin behoort te word.

---

24) Die tale in die laerskool. Leerplanne en wenke by die onderwys, p. 269.

25) Scholtz, A. & Nel, H. Engels as tweede taal - mondeling, lees en spel. (In Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg. Kleinkinderonderwys. Lesingreeks nr. 5, p. 37.)

26) Ibid.

(b) Voordrag.

Vraag B. 13. Wanneer behoort subst. A-leerlinge met voordrag in die tweede taal te begin?

TABEL 77.

WANNEER MOET DAAR MET VOORDRAG IN DIE TWEEDE TAAL BEGIN WORD?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Die 1ste kwartaal | 29 | 13.0 |
| Die 2de kwartaal | 77 | 34.5 |
| Die 3de kwartaal | 117 | 52.5 |
| TOTAAL | 223 | 100% |

Die gegewens in tabel 77 toon dat daar aansienlike verskil van mening bestaan met betrekking tot die gewenste tyd om met voordrag in die tweede taal te begin. Die meerderheid van die 223 respondente is weliswaar ten gunste van die derde kwartaal in subst. A, maar meer as een-derde is van mening dat daar in die tweede kwartaal al met voordrag begin behoort te word.

Kindertuininspektrises beveel gewoonlik aan dat daar nie voor die derde kwartaal in subst. A met voordrag in die tweede taal begin word nie en daar is gevalle bekend waar dit in die eerste helfte van subst. A uitdruklik verbied is. In een- en tweemanskole, waar subst. A saam met hoër klasse gegroepeer is, is dit onvermydelik dat die beginners selfs gedurende hul eerste kwartaal op skool al gediggies in hul tweede taal sal leer. Dit is nog nie proefondervindelik bewys dat hulle hierdeur benadeel word nie en daar steek ongetwyfeld heelwat in die sienswyse van die respondent, 'n onderwyser in 'n eenmanskool, wat by sy antwoord geskrywe het: „Of ek dit wil hê of nie, my sub. A's leer Engelse gediggies saam met die groter kinders. Ek verwelkom dit nogal, want dan raak hul tonge gouer los om woorde in die vreemde taal uit te spreek."

(c) Mondelinge werk.

Vraag B. 14. Wanneer behoort subst. A-leerlinge met mondelinge werk in die tweede taal te begin?

TABEL 78.

WANNEER MOET DAAR MET MONDELINGE WERK IN DIE TWEEDE TAAL BEGIN WORD?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Die 1ste kwartaal | 18 | 8.1 |
| Die 2de kwartaal | 64 | 28.8 |
| Die 3de kwartaal | 140 | 63.1 |
| TOTAAL | 222 | 100% |

Onder die opskrif „Mondelinge stel" word die beleid van die Onderwysdepartement baie duidelik in die leerplan gestel:

> 'n Aanvang kan met die aanleer van die tweede taal gemaak word nadat die leerlinge minstens ses maande op skool was, maar nie later as aan die begin van die tweede jaar op skool nie.[27]

Mev. Nel voeg hierby dat 'n kind se omgewing by sy toetrede tot die skool vir hom vreemd is en dat aanpassing dus groot inspanning van hom verg; gevolglik moet hy nie in hierdie stadium reeds aan die „bykomende moeilikheid" van 'n tweede taal blootgestel word nie, „want dit kan 'n nadelige uitwerking op sy verstandelike ontwikkeling asook op sy algemene vordering hê."[28]

Blykens tabel 78 is verreweg die meeste van die respondente van mening dat subst. A-leerlinge in die derde kwartaal eers, d.w.s. na ses maande, soos deur die Departement verlang, met mondelinge werk in die tweede taal behoort te begin. Nie minder nie as 73.1% van die onderwyseresse in voorbereidingskole, met inbegrip van die

27) Die tale in die laerskool. Leerplanne en wenke by die onderwys, p. 267.

28) Nel, H. Die tweede taal (Engels): mondelinge werk in substanderds A en B. (In Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg. Kleinkinderonderwys. Lesingreeks nr. 5, p. 25.)

hoofde van drie van die groot voorbereidingskole in Noord-Kaapland, is hierdie mening toegedaan, maar in die geval van een- en tweemanskole is die persentasie baie laer, naamlik 45.0 en 42.5 onderskeidelik. Die rede hiervoor is waarskynlik dat onderwysers(-esse) in klein skooltjies met gegroepeerde klasse dit gerieflik - soms selfs onvermydelik - vind om beginners saam met kinders in hoër klasse aan mondelinge werk in die tweede taal te laat deelneem.

Die Wilks-komitee het getwyfel aan die wenslikheid dat daar te vroeg met die tweede taal begin word en het die mening uitgespreek dat proefnemings uitgevoer behoort te word ten einde vas te stel wanneer die beste tyd is om met tweede taal-onderrig te begin.[29] Daar word nog steeds gewag op proefnemings wat uitsluitsel oor hierdie belangrike aangeleentheid moontlik sal maak. Tot tyd en wyl betroubare gegewens beskikbaar is, kan daar met veiligheid volgens die aanbeveling van die oorgrote meerderheid van die respondente gehandel word deur subst. A-leerlinge in hul derde kwartaal op skool met mondelinge werk in die tweede taal te laat begin.

Vrae B. 15 en B. 16. In vraag B. 15 is die leerkragte gevra hoe dikwels hulle van die storie-metode vir mondelinge werk in die tweede taal gebruik maak. In vraag B.16 is diegene wat wel daarvan gebruik maak, gevra watter kwartaal in subst. A daarmee begin behoort te word.

TABEL 79.

HOE DIKWELS MAAK U VAN DIE STORIE-METODE VIR MONDELINGE WERK IN DIE TWEEDE TAAL GEBRUIK?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Gereeld/Dikwels | 259 | 90.2 |
| Selde | 24 | 8.4 |
| Nooit | 4 | 1.4 |
| TOTAAL | 287 | 100% |

29) Wilks-verslag, 1946, p. 52.

TABEL 80.

WANNEER BEHOORT DAAR MET DIE STORIE-METODE (TWEEDE TAAL) IN SUBST. A BEGIN TE WORD?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Die 1ste kwartaal | 12 | 5.6 |
| Die 2de kwartaal | 37 | 17.1 |
| Die 3de kwartaal | 141 | 65.3 |
| Die 4de kwartaal | 26 | 12.0 |
| TOTAAL | 216 | 100% |

Oor die waarde van die storie-metode vir mondelinge werk in die tweede taal, mits dit nie oordryf word en veral nie toegelaat word om alle ander mondelinge werk te verdring nie, bestaan daar hoegenaamd geen twyfel nie. Dit is dus geensins verbasend dat, soos tabel 79 aantoon, meer as 90% van die 287 respondente gereeld of dikwels daarvan gebruik maak nie. Die respondente wat in voorbereidingskole werksaam is, asook diegene wat kindertuinopleiding gehad het, maak 100% daarvan gebruik. Die twee vernaamste voordele van die storie-metode is, eerstens, dat dit kinders selfvertroue gee en met vrymoedigheid hul tweede taal laat praat; en, tweedens, dat hul woordeskat daardeur uitgebrei word.

Soos verwag kan word, is daar 'n baie groot mate van ooreenstemming tussen die antwoorde op vraag B. 14 en vraag B. 16. Omtrent ewe veel leerkragte, naamlik 222 en 216 onderskeidelik, het hierdie twee vrae beantwoord, en, waar 63.1% van die respondente van mening is dat subst. A-leerlinge in die derde kwartaal met mondelinge werk in die tweede taal behoort te begin (tabel 78), is 65.3% van mening dat daar in die derde kwartaal met die storie-metode begin moet word (tabel 80).

Vraag B. 17. Die leerkragte is gevra watter ander werk (afgesien van stories) daar in tweede taal-mondeling in subst. A, subst. B en st. I gedoen behoort te word.

TABEL 81.

WATTER WERK (BENEWENS DIE STORIE-METODE) MOET IN TWEEDE TAAL-MONDELING GEDOEN WORD?

| Werk wat gedoen word | Subst. A | | Subst. B | | St. I | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal leer-kragte | % | Aantal leer-kragte | % | Aantal leer-kragte | % |
| (a) Voorwerpe in die klaskamer | 86 | 60.6 | 32 | 23.2 | 12 | 9.9 |
| (b) Liggaamsdele | 89 | 62.7 | 22 | 15.9 | 6 | 5.0 |
| (c) Verskillende onderwerpe | 96 | 67.6 | 112 | 81.2 | 108 | 89.3 |
| (d) Vrae en antwoorde | 58 | 40.8 | 53 | 38.4 | 59 | 48.8 |
| (e) Dramatisering of aksielessies | 54 | 38.0 | 52 | 37.7 | 44 | 36.4 |
| (f) Bevele, met inbegrip van doen-en-sê | 80 | 56.3 | 107 | 77.5 | 63 | 52.1 |
| (g) Patroonsinne | 26 | 18.3 | 19 | 13.8 | 18 | 14.9 |
| (h) Geluide wat diere maak | 24 | 16.9 | 36 | 26.1 | 22 | 18.2 |
| Totale aantal respondente waarop persentasies bereken is | 142 | | 138 | | 121 | |

Tabel 81 toon ondere andere aan dat, terwyl 'n redelike hoë persentasie van die respondente hul leerlinge in subst. A die name van voorwerpe in die klaskamer en hul liggaamsdele in tweede taal-mondeling leer, 'n betreklike klein persentasie dit in subst. B doen en slegs 'n geringe persentasie in st. I. Dit is wat verwag kan word, want as die voorwerpe in die klaskamer en die liggaamsdele in subst. A geleer is, is 'n bietjie hersiening in subst. B en st. I voldoende. Wat ook nie verbasend is nie, is dat 'n hoë persentasie leerkragte in al drie die klasse verskillende onderwerpe behandel en dat, ten spyte van die besware teen vrae-en-antwoorde,[30] om en by 40% van die respondente in elk van die drie klasse hiervan gebruik maak. Wat aan die ander kant wel verbasend is, is dat net 'n klein persentasie

30) Kindertuininspektrises noem dit gewoonlik stereotiep.

die geluide wat diere maak, by st. I noem, hoewel dit uitdruklik in die leerplan aanbeveel word, en dat nie 'n enkele respondent die volgende noem nie: getalname (tot by vyftig) en rangtelwoorde (tot by tiende); beleefdheidsvorme (dankie, asseblief, ekskuus!); dae van die week.[31)]

7. Leestekens.

Vraag B. 18. Van wanneer af behoort leestekens aandag te geniet?

TABEL 82.

VAN WANNEER AF MOET LEESTEKENS AANDAG GENIET?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Die 1ste kwartaal in subst. B | 175 | 73.2 |
| Die 2de kwartaal in subst. B | 31 | 13.0 |
| Die 3de kwartaal in subst. B | 18 | 7.5 |
| Die 4de kwartaal in subst. B | 15 | 6.3 |
| TOTAAL | 239 | 100% |

Volgens Blignaut is dit nodig dat die onderwyseres „baie vroeg in die onderrig van lees aan die kind verduidelik wat die funksie van leestekens is."[32)] Daar word nie bygevoeg wat met „baie vroeg" bedoel word nie en die leerplan gee ook nie leiding in verband hiermee nie. Die antwoorde van die 239 respondente in tabel 82 laat egter geen twyfel dat die oorgrote meerderheid ten gunste daarvan is dat leestekens gedurende die eerste kwartaal in subst. B aandag behoort te geniet nie. Dit is stellig 'n geskikte tyd hiervoor, want aan die begin van subst. B behoort die leerlinge nie meer moeilikheid met woordherkenning te ondervind nie, behoort hulle al redelik vlot te kan lees en word daar verwag dat hulle ál die klanke sal ken.

31) Die tale in die laerskool. Leerplanne en wenke by die onderwys, p. 270.

32) Blignaut, C.M. Inleiding tot leesonderrig, p. 163.

8. Die alfabet.

Vrae B.19 en B.20. In vraag B.19 is die leerkragte gevra wanneer die alfabet in die leerlinge se moedertaal aangeleer behoort te word; en in vraag B.20 is hulle gevra wanneer die alfabet in die leerlinge se tweede taal aangeleer behoort te word.

TABEL 83.

WANNEER BEHOORT DIE ALFABET IN DIE LEERLINGE SE MOEDERTAAL AANGELEER TE WORD?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Die eerste ses maande in subst. B | 68 | 27.3 |
| Die laaste ses maande in subst. B | 79 | 31.7 |
| Die eerste ses maande in st. I | 93 | 37.4 |
| Die laaste ses maande in st. I | 9 | 3.6 |
| TOTAAL | 249 | 100% |

TABEL 84.

WANNEER BEHOORT DIE ALFABET IN DIE LEERLINGE SE TWEEDE TAAL AANGELEER TE WORD?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Die laaste ses maande in subst. B | 52 | 21.8 |
| Die eerste ses maande in st. I | 122 | 51.3 |
| Die laaste ses maande in st. I | 64 | 26.9 |
| TOTAAL | 238 | 100% |

Dat daar groot verskil van mening bestaan met betrekking tot die beste tyd om leerlinge die alfabet in hul moedertaal te leer, blyk duidelik uit tabel 83. Nie veel meer of minder as een-derde van die 249 respondente nie is ten gunste van elk van die volgende: die eerste ses maande in subst. B; die laaste ses maande in subst. B; die eerste

ses maande in st. I. Volgens Hildreth kan die deursnee-leerling al in sy tweede jaar op skool, d.w.s. in subst. B, die meeste letters van die alfabet herken en noem,[33] en Aitken verklaar dat die alfabet in die eerste taal so vroeg as moontlik geleer moet word,[34] maar die bestuur van die Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg se standpunt is baie duidelik: „Die alfabet word gedurende die eerste ses maande (in st. I) as 'n geheel in die eerste taal aangeleer."[35]

Wat die tweede taal betref, is daar minder verskil van mening as in die geval van die eerste taal. Soos uit tabel 84 blyk, is meer as die helfte van die 238 respondente van mening dat die alfabet in die leerlinge se tweede taal gedurende die eerste ses maande in st. I aangeleer behoort te word. Dit is egter wenslik dat die alfabet in die leerlinge se tweede taal later as in hul eerste taal aangeleer word;[36] gevolglik onderskryf ons eerder die standpunt van die respondente (26.9%) wat ten gunste daarvan is dat die alfabet in die leerlinge se tweede taal gedurende die laaste ses maande in st. I aangeleer moet word. Dit is min of meer in ooreenstemming met mej. A. Scholtz en mev. H. Nel se sienswyse; volgens hulle moet die alfabet in die tweede taal „teen die einde van die jaar" (standerd I) aangeleer word.[37]

9. <u>Formele spelwerk (of diktee) in die tweede taal</u>.

<u>Vraag B. 21</u>. Wanneer behoort daar met formele spelwerk (of diktee) in die leerlinge se tweede taal begin te word?

---

33) Hildreth, Gertrude. Teaching reading, p. 364.

34) Aitken, E.D. Lees- en spelprobleme in die eerste drie jaar van die kind se skoolloopbaan. (In Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg. Kleinkinderonderwys. Lesingreeks nr. 4, p. 17).

35) Kinderstudiegroep van die Tygerberg. Kindertuinmetodiek. Lesingreeks nr. 3, p. 44.

36) Aitken, E.D., op. cit., p. 17.

37) Scholtz, A. & Nel, H., op. cit., p. 40.

TABEL 85.

FORMELE SPELWERK (OF DIKTEE) IN DIE TWEEDE TAAL.

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Die 1ste kwartaal in st. I | 134 | 61.7 |
| Die 2de kwartaal in st. I | 47 | 21.7 |
| Die 3de kwartaal in st. I | 28 | 12.9 |
| Die 4de kwartaal in st. I | 8 | 3.7 |
| TOTAAL | 217 | 100% |

Tabel 85 toon aan dat die oorgrote meerderheid van die respondente van mening is dat daar in die eerste kwartaal in st. I met formele spelwerk in die leerlinge se tweede taal begin behoort te word. Die bestuur van die Kindertuin-studiegroep van die Tygerberg se sienswyse is egter anders: „Formele spelwerk in die tweede taal, dit wil sê die neer-skryf van woorde, of diktee, word eers vanaf die begin van die derde kwartaal in standerd I gedoen."[38] Die leerplan meld net, sonder om 'n spesifieke kwartaal te noem, dat die spelling van maklike woordjies in standerd I geleer moet word.[39] Dit is beslis 'n verstandige beleid, waardeur onderwysers(-esse) 'n mate van vryheid gelaat word en almal nie aan 'n bepaalde kwartaal in standerd I gebind word nie.

38) Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg, op. cit., p. 56.

39) Die tale in die laerskool, Leerplanne en wenke by die onderwys, p. 271.